Mense van dwarsoor die wêreld, soos popsterre, akteurs, skrywers, politici en gewone mense, het geëis dat Mandela en ander politieke gevangenes vrygelaat word. Na 27 jaar in die tronk het die regering Mandela uiteindelik in 1990 vrygelaat en die ANC ontban. TV-stasies dwarsoor die wêreld het sy vrylating uit die tronk direk uitgesaai.

"Ek het teen wit oorheersing geveg, en ek het teen swart oorheersing geveg. Ek het die ideaal gekoester van 'n vrye, demokratiese samelewing waar alle mense met gelyke geleenthede in vrede saamlewe. Dit is 'n ideaal ... waarvoor ek bereid is om te sterwe."

*Mandela: uittreksel uit sy toespraak in 1990, in Kaapstad, op die dag van sy vrylating uit die tronk.*

Mandela het die Nobelprys vir Vrede in 1993 gewen. In 1994, op die ouderdom van 75, is hy verkies as die president van Suid-Afrika in die land se eerste nierassige, demokratiese verkiesing. Hy het Suid-Afrika se eerste swart president geword.

Mandela is wêreldberoemd as 'n leier wat sy lewe aan die stryd vir menseregte gewy het. Ná sy aftrede as president het hy sy werk vir vrede, vir kinders en vir mense wat met MIV/vigs lewe, voortgesit.



Hierdie standbeeld van Mandela staan by die ingang van die Nelson Mandela-plein in Johannesburg.